

Pretoriana



TYDSKRIF VAN DIE GENOOTSKAP OUD-PRETORIA
VERSKYN IN APRIL, AUGUSTUS EN DESEMBER

MAGAZINE OF THE OLD PRETORIA SOCIETY
PUBLISHED IN APRIL, AUGUST AND DECEMBER

Prys : 25c : Price

JAARVERSLAG 1967

Uit die jaarverslag wat die voorsitter, dr. N. A. Coetzee, op die algemene jaarvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria op 23 November 1967 voorgelê het vermeld ons die volgende.

Die afsterwe van mev. H. de Zwaan is gedenk. Sy was die dogter van J. J. Meintjes, eerste registrateur van aktes van die S.A.R. en eggenote van een van die argitekte van die ou Goewermentsgebou en die Paleis van Justisie.

Die veranderde grondwet van die Genootskap is in die verslagjaar gefinaliseer en het in albei landstale in *Pretoriana* verskyn.

'n Lys van besienswaardighede van Pretoria is deur mnre. H. Rex en J. H. Hattingh opgestel en sal nog uitgebrei word.

Die skooltuinekompetiese was op daardie stadium nog nie vir die jaar 1967 afgehandel nie. Sedert dien kan ons meld dat die uitslag as volg was: 1. Rachel de Beer Laerskool, Pretoria-Noord; 2. Saamspan Laerskool, Mountain View; 3. Pretoria-Ooskool.

'n Stigtingsvergadering van 'n *Vriende van die Museumvereniging* is vir 1968 in vooruitsig gestel, asook uitstappies na plekke en geboue van historiese belang in en om Pretoria. 'n Spesiale woord van dank word gerig aan die uittredende penningmeester, dr. G. Rissik en die uittredende sekretaris, adv. D. G. van der Byl.

Op die gebied van die bewaring van ou geboue en oudhede het die Genootskap heelwat aktiwiteite ontplooi. Die Stadsraad het onderneem om die Genootskap in kennis te stel van enige gebou wat gesloop gaan word. Verdoë is tot die *Pretoria News* gerig om voorwerpe of dele van die Pretoria Klubgebou wat gesloop gaan word te bewaar. Die Stadsraad is gevra om die naam Rappert aan 'n nuwe straat te verbind aangesien die huidige Rappertstraat tans gesluit word. Rappert was 'n bekende argitek van Pretoria. Die ou forte om Pretoria het weer aandag geniet. Die volgende instansies is genader oor moontlike restourasie daarvan: die Stadsraad oor Wonderboomfort, die Departement Kultuursake oor Wesfort en die Strubentrust oor Strubenkopfort. By die Stadsraad, die Historiese Monument-kommissie en die Stigting Simon van der Stel is aangedring op die aankoop van Melrose House. (Soos bekend is die huis sedert dien deur die Stadsraad aangekoop). Die Stadsraad is versoek om die naam Attridgeville te behou.

Saam met ander instansies is samesprekings met die betrokke komitee van die Stadsraad gehou oor die Ou Begraafplaas en die beoogde Heldeakker. Die Genootskap is teen herbegrafnisse. Vertoë is tot Yskor gerig oor 'n standbeeld vir Cor Delfos en tot die firma Stocks and Stocks oor die moontlike bewaring van Jess Cottage. Reëlings word getref vir die neem van lug- en ander foto's van Pretoria vir bewaring in ons argief; en die belangrike fotoversameling van mnr. Dotman Pretorius is aan ons toegesê. Aandag is gegee aan die moontlike bewaring van die woonhuis van Mynkommissaris C. J. J. Joubert en die twee muurskilderye van die Transvaalse en die Nederlandse wapens, vermoedelik deur Oerder geskilder. Twee gedenkplate is onderskeidelik aan die Ou Goewermentsgebou en die Paleis van Justisie aangebring; verdere gedenkplate word beoog. Die argiefstukke van die Genootskap is nou in die Staatsbiblioteek opgeberg waar 'n Pretoria-kamer ingerig sal word.


Die vensters en deure van die ou kerk wat op Kerkplein gestaan het, is opgespoor en word bewaar.

— Redaksie.

Generaal H. J. Smit

NOG 'n bekend gebouekompleks uit die dae van die Suid-Afrikaanse Republiek het verdwyn. Dit is namelik die woonhuis van generaal Nicolaas Smit op die hoek van Visagie- en Andriesstraat en die aangrensende gebou, die sogenaamde Park Societeit wat later 'n onderdeel van die Eaton House-privaathotel was. Die huis van generaal Smit was 'n gewone woonhuis, tipies uit die laaste kwart van die negentiende eeu. Wel het dit nie meer sy oorspronklike voorkoms gehad nie; die oorspronklike hout pilare en traliewerk van die veranda is intussen vervang deur sement pilare en 'n lae muurtjie, maar origens het dit nog die oorspronklike afmetings en vertrekindeling gehad.

Meer indrukwekkend was die aangrensende gebou wat hierbo genoem word, en waarvan die hoeksteen in 1898 deur J. S. Smit, die bekende spoorwegkommissaris, broer van die generaal, gelê is. Hierdie gebou het 'n hoë Hollandse trapgewel gehad; naas die van die ou Nederlandse Bank seker een van die mooiste wat in Pretoria aangetref kon word. Die hoeksteen daarvan word tans in die Generaal Nicolaas Smit-skool bewaar. Die opskrif daarvan lees soos volg: *Hoeksteen gelegd door J. S. Smit, voorz. Park Societeit den 25 November 1898. Daanen en Dorlas aannemers. R. Engelberts architect.*




Eaton Hall met voorgewel, voorheen die Park Societeit, wat onlangs afgebreek is.

In die jare sestig was die terrein, met aangrensende gebied, waarskynlik die eiendom van die Berlynse Sendinggenootskap. Hier het 'n Sendingkerk en die woonhuis van eerw. Knothe en later eerw. Grünberger gestaan. Vgl. „Eeupees-Album. Pretoria se eerste eeu in beeld”, p. 16.

Enkele lewensbesonderhede van generaal Nicolaas Smit is hier seker nie onvanpas nie.¹⁾ Hy is op 30 Mei 1837 op die plaas Doornbosch in die distrik Graaff-Reinet gebore as die oudste seun van Nicolaas Jacobus Smit en Elizabeth Magdalena van der Merwe. Sy ouers het teen die end van 1839 of die begin van 1840 na Natal getrek. In 1846 verhuis die familie na Transvaal en vestig hulle op die plaas Leliefontein, wyk Mooirivier (tans distrik Ventersdorp) waar Nicolaas Smit opgroei. Soos Paul Kruger kom hy gaandeweg op die voorgrond in die reeks Bantoe-oorloë wat die vroeë geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek kenmerk: in 1852 teen

¹⁾ Met die opstel van hierdie lewensskets het ek dankbaar gebruik gemaak van 'n kort biografie deur L. A. van Wyk: *Genl. N. J. Smit, vise-pres. van die Z.A.R.*



Die woonhuis van generaal Nicolaas Smit wat onlangs gesloop is. Die persone op die foto is v.l.n.r.: Mnr. L. A. van Wyk, hoof van die Generaal Nicolaas Smit-skool; mej. H. J. du Plessis van die T.O.D. en dr. N. A. Coetzee, voorsitter van die Genootskap Oud-Pretoria.

Sechele, in 1854 teen Makapan, in 1858 teen Mapela, in 1867-1868 teen die Venda in Soutpansberg, en in die jare sewentig as tweede in bevel teen Sekoekoeni. In 1861 is hy getroud met Hendrika Stephina Pretorius. Uit die huwelik is vyf kinders gebore. Na sy vrou hom in 1894 ontval het, het hy in 1895 hertrou met die weduwee Susanna Maria Preller.

Gedurende die anneksasie-periode van Transvaal het hy 'n belangrike aandeel in die versetbeweging gehad. Hy was o.a. teenwoordig tydens die groot volksvergaderings by Wonderfontein, Kleinfontein en Paardekraal. By die uitbreek van die Eerste Vryheidsoorlog word hy bevorder tot veldgeneraal en is saam met generaal Piet Joubert na die Natalse grens. Sy grootste prestasie was die skitterende oorwinning by Skuinshoogte terwyl hy ook 'n belangrike aandeel in die finale oorwinning by Majuba gehad het.

In September 1881 word generaal Smit lid van die volksraad en vergesel kort daarna die deputasie (saam met president Kruger en ds. S. J. du Toit)

na Europa. In Engeland slaag die deputasie daarin om met die sluiting van die Konvensie van London belangrike toegewings van die Engelse regering te verkry. Daarna besoek hulle Nederland en Duitsland en word met groot geesdrif ontvang. Terug in Pretoria word Smit tydelik tot voorsitter van die volksraad gekies, en in 1887 tot onder-president nadat generaal Piet Joubert as sodanig bedank het. In 1887 vestig generaal Smit hom met sy gesin in Pretoria. Hy koop nou die erwe 719 en 720 op die hoek van Visagie- en Andriesstraat van Joseph Lewis, waar hy dan bogenoemde woonhuis laat bou. Daar het nou twee generaals in Visagiestraat gewoon. Die ander een was generaal Piet Joubert wie se woning 'n aantal jare gelede al moes plek maak vir die Generaal Piet Joubertgebou wat tans daar staan. Ons spreek die hoop uit dat generaal Nicolaas Smit se naam ook oorgedra sal word op die nuwe gebou wat op die plek van sy woonhuis sal verrys.

In 1892 het generaal Smit weer eens Nederland besoek, vergesel van sy oudste seun, om 'n oogoperasie te ondergaan. Die gesig van sy een oog het geleidelik agteruit gegaan as gevolg van 'n verwonding wat hy aan sy linkeroor opgedoen het tydens die oorlog teen Mapela in 1858. Blykbaar het hy nooit heeltemal herstel nie. Sedert die begin van 1896 het sy gesondheid vinnig versleg. Op 4 April daardie jaar is hy in sy woonhuis oorlede. Die staatsbegrafnis die volgende dag het groot belangstelling getrek. 'n Geliefde en nederige volksman het heengegaan.

„Twee vlaggen voor ons huis waaien halvestok”, skryf G. A. A. Middelberg in sy briewe, „de goede, brave generaal Smit is gisteren heengegaan. Oud en lichamelijk gebroken, zoo goed als blind, zal daar het nu ziellose overschot met alle eer en praal ten grave word gedragen. En zoo menigeen zal terugdenken aan de dagen toen die man in de volle frischheid van zijn mannelik kracht, met grote daden achter zich, zoo oneindig aantrekkelijk kon wezen.”

F. J. DU T. SPIES.

'N BRIEF

van kommandant-generaal P. J. Joubert
aan dr. E. J. P. Jorissen

Met verwysing na die skets „Besonderhede aangaande Regter S. G. Jorissen”, soos gepubliseer in „Pretoriana” van Augustus 1967 (pp. 22-26), gee ons hier die teks weer van 'n skrywe wat op 26 Desember 1899 deur

die kommandant-generaal, in die Boerelaer naby Ladysmith, aan dr. E. J. P. Jorissen gerig is.

Die oorspronklike skrywe is 'n aantal jare gelede deur 'n kleindogter van dr. Jorissen, mev. E. A. Gardiner, toentertyd van Bulawayo, aan skrywer gestuur en berus nou in die Transvaalse Argiefbewaarplek, Uniegebou, Pretoria, waar die oorspronklike teks met hierdie weergawe vergelyk kan word. Die vraagteken in die teks is deur skrywer aangebring na die woordjie „eer” aangesien dit vir hom moeilik was om dié woord te ont- syfer. Elders in die brief is soortgelyke moeilikhede teengekom wat ewewel nie so steurend is nie.

Lager nabij Lijdi smet
26 December 1899

Den Wel Edele Heer

Dr. E. J. P. Jorissen de oude te Pretoria

Wel Edele Heer

Door dezen wel ik u doen weten dat ik door die onverdiende genade van onze groote god-en mij trouwe en lieve Vader en Juzus Christus nu weder zoo ver hersteld ben dat ik weer tot hier voor die meuren en schansen van den vijant staan waar wij voor ons dierbaar Land-en voor ons onafhankelijk volksbestaan strijden niet tot den bloede toe, en daar ik mijn god dagelijks om zijn hulp en bijstant smeeken niet zecht zijn woord. mij dat als ek mijn gebed met mijn gave tot den altaar komen en daar endagteg wort. dat mijn broeder nijd, tegen mijn heeft dan niet ek mijn gaven daar laat en eer(?) gaan om met hem te verzoenen nu ofschoon ik mijn vlij dat het recht aan mijn kant was-en ek u alles vergeeven heeft en vergeeven wel. Wel vreest ek tog dat aan uwe zijde gij nog nijd tegen myn mocht hebben daarom komt ik tot u met dezen brief om u openharteg en oprecht. te vragen zoo gij. nijsds tegen mij mocht hebben mijn zulks te vergeeven en er nooit meer aan te denken ek vraag. u zulks. met u die verzekeereng te geven dat ik u van ganscher harte vergeeft. en dat ek mijn god en vader en onze heer jesus zal bedden om u te alles te vergeeven en elke grieft uit mijn hart en ziel uit te wasschen om er nooit meer aan te denken u opregte en nederege dienaar

P. J. Joubert

Veel Heil en zegen op het Nuewejaar 1900 anderjaar een vereenig vrij zuit africa.

The Occupation of Pretoria by the British Forces

(The following is a copy of a letter dated 24th August 1900 sent to relatives in England by a British soldier Cyril Rooke Prance who took part in the occupation of Pretoria in 1900. The letter is here published for the first time.)

After the war C. R. Prance remained in South Africa, served in the South African Constabulary, farmed in the Nylstroom district and retired at Port St. Johns where he died at the age of 83 in July 1955).

— N. A. Coetzee.

Pretoria. August 24, 1900.

To D. Prance,


Here we really are at last; till quite recently the very last place I ever thought the "Red Devils" (known to General Clements as his "Catch-em-alive-o's") would see.

I am now out on guard with our horses grazing; just behind Eloff's house (the young beast, nephew to Kruger, who insulted the Queen (i.e. by calling her a "kwaai ou vrouw") and who was so neatly trapped at Mafeking.)

The house is about two miles outside Pretoria, through a gap in the ring of hills (great brown hog-backed lumps, mostly crowned by forts); a fine great house set in a goodly cluster of dark green trees — you have to make pilgrimage through the drear flats of the Free State to appreciate trees! A good wide road runs down to the house, with a plantation on one side; on the other side is a plain set apart for sick horses, strewn with their dried corpses (one likes to see them, as it is an assurance that we don't get them to eat!) and there are two graves thirty feet long which, I hope, also contain horses.

Well, you want to know about Pretoria. We had a short march from Six Mile Spruit, dull country, gradually getting into frowning hills — round a sharp corner in the narrow pass into a ghastly Boer version of the fringes of London, little mud-brick box-shaped huts with tin roofs, scattered in a desolate brickfield. Round another corner and down a street of tin sheds at a wild gallop to get up to the main body (we were out on the flank, scouting); past a great fine building, the Artillery Barracks, to a halt where we formed up for our solemn parade through the streets of the Boer Capital.

By piece of gross favouritism my squadron was allowed to march in first, immediately behind the Colonel and his staff; another squadron, which had been doing duty as advance-guard, should have had the honour, but was ousted.



C. R. PRANCE

We went right through the centre of the town to the Park, where stood the great little man "Bobs" at the salute, with Lady Bobs at his side. I was in the leading file and heard Bobs ask the Colonel, who stopped to talk with him, whether we were mostly Cape Colonials, and was glad to hear the Colonel reply "No, Sir, very few".

We made a much better show than I expected, but the little man must have thought us awful ragamuffins, especially as most of us had lost our "smasher" hats in the hideous gale which raged throughout our march up through the Free State; and at a distressful wayside store, devoted to the sale of "Kafir truck" we had outfitted ourselves with knitted "stocking" or "jelly-bag" nightcaps such as pirates wear in picture-books. So after passing the great man, we went round about through all the chief streets and then out to our dusty camp. Old "Texas Jack" Ogilvy, the worst-dressed and

most piratical-looking of us all, led us past "Bobs" — and was horrified when an A.D.C. was sent in chase, requesting him to come back and do the civil to Bobs and Lady Bobs. He is a brother of Lord Airlie, who commands some cavalry, but is by way of being the wild man of the family, preferring cow-punching in Texas to "Society".

I got leave at once to spend the day in town (we had started at 6 a.m. and got into town by 9 a.m.). I borrowed a decent tunic (mine is all in rags, but I can't get another) and a hat of sorts (mine is lost and I wear a cross between a Tam o Shanter and a pirate "jellybag"), and hurried in on foot, keenly conscious of a draughty hole in my breeks, of four smaller holes darned, and one knee torn out and replaced by a piece of green waterproof saddle-bag lining — to a place where BATHS were advertised. There was no one about, so I went upstairs and into the first bathroom, to find it occupied by a Yeoman, as were also Nos. 2 and 3, so had to wait a weary while for a vacancy, and then had a great bath. Oh! ! !

Great laughter when my mate, by profession a ship's steward inadvertently turned on the shower; then out and down town with the steward and "the sundowner" (see Rolf Boldrewood for that word) who is otherwise known as the "Commodore" to get lunch at a little cafe. You pay 3/- which entitles you to eat and drink as much as you can hold; only tea and coffee to drink, and the meat aroused suspicion that it might be horse, but it was cunningly cooked and "fulsome".

I had Uncle H's letter of introduction to Lord Errol who is an ornament of the cavalry, and had meant to go and present it, but fortunately happened to pass a full-length mirror in the nick of time and decided not to risk the shock to his nervous system (not to speak of the Headquarters flunkeys) and post it to him instead. Bought some underclothes and some Keatings (1/- a tin, and I will sell it for £1 a pinch) and so to see the town.

A very good little town indeed — miles better than Cape Town; like a good little English town with Dutch improvements. The main square has good buildings nearly all round, and a quaint Church in the centre (not the centre quite, which gives a genial air of informality). The Park is delightful — trees and trees and trees — shade all over, and in the middle, water and a band-stand. Facing the Park is a fine house belonging to J. B. Robinson and now Bobs' dwelling. I went and envied the C.I.V. on guard there.

All the residential part of the town — the greater part — is unique; little one-storey houses set about anyhow, with trees in front and between; nice little places with porches etc., on no regular plan, all different, and mostly white. Trees all about the streets, not in the roadway in stiff rows, but where the pavement ought to be; the man who could design such little houses at home could make a fortune. I can't do justice to the charm of it.

But one or two of the newer streets are on the ghastly English-seaside plan of rows of semi-detached, all would-be-terra-cotta-aesthetic, and all alike; and in one of the big shopping streets stands a queer little one-room

thatched shanty, probably one of the original houses, between two big modern stores. The shops are very good, and there is a fine swimming-bath. No thanks, I don't care to see Johannesburg, and I have no use for Cape Town; Pretoria will do me nicely.

Tea at a little tea-house. Overheard back-chat between one of Brabants and a Tommy:- Tommy (leans over and whispers, pointing to a C.I.V.) ("City Imperial Volunteer") "Got any of them chaps with you? We call 'em the 'Can I Ventures' ever since they deserted the guns at Lindley".

"No, one of them, but we have had some Imperial Yeomanry with us till lately".

"Ah, we call them the 'Farm-yard Scouts' "

"Got any pet-name for us?"

"Oh, we know you all right for the 'Red Devils' ", — and here I must give you a word of General Clements, overheard talking to a Staff Officer — "Brabant's Horse? Yes, I call them my 'Catch-em-alive-ohs'. Its just like the way we went rattin' with ferrets when we were boys — put in a ferret and presently out comes a rat. You put Brabants on and they never let the Boers rest till they 'bolt' them; and they do find them, by Jove, every time — and catch them alive too, sometimes".

(The end of this letter is missing: probably suppressed by the Censor. It may have described disorderly scenes which arose out of Roberts's order forbidding retail sale of alcohol, which resulted in groups of Colonial Divisions (who had just drawn some months back-pay at rate of £7.10 per month) clubbing together and getting an officer to sign them an order for liquor in wholesale quantities — a cab-load at a time. Or it may have dealt with the mutiny of Colonial troops on the large scale, arising out of a Court-martial which sentenced an Australian trooper to death for looting a shop.)

DIE LOTGEVALLE

van die

STAATSMODELSKOOLOGBOU

(1931 — 1937)

In die volgende oorsig word, weliswaar in beknopte vorm, die lotgevalle van die bekende Staatsmodelskoolgebou tydens die periode 1931-1941 geskets. Hierdie tydperk was die eerste tien jaar van die bestaan van die *Central Junior High School*, wat toe in die gebou gehuisves was.